



Tema: Advent 1: Dans op die ritme van hoop

Inleiding:

Vandag is die begin van die Christelike Nuwejaar want dit is die eerste Advent Sondag. Advent kom van die Latynse woord "adventus" wat beteken "om nader te kom". In die kerk praat ons van "Adventus Dei", die verwagting dat God weer op 'n besondere manier nader sal kom. Soos wat die Jode van die OT geleef het en gehoop het dat Jesus nog gebore moet word, so hoop ons vandag dat Hy weer sal kom.

Rembrandt se skildery van 1630 van Jeremia wat ween oor die vernietiging van Jerusalem en die tempel.



Die kerk regoor die wêreld lees vandag die teks uit Jeremia 33. Jeremia is wat die aantal woorde betref die langste

boek in die Bybel. Jeremia is in 650 v.C. gebore in Anatot, 7 km Noord Oos van Jerusalem. Anatot in Hebreeus beteken: "Gebede word beantwoord". Op 24jarige ouderdom is hy geroep tot profeet en hy sou sy roeping vir 40 jaar uitleef. Hy het na die val van Jerusalem in 586 v.C. moontlik nog 10 jaar geleef. Hy het waarskynlik so 84 jaar oud geword. Jeremia se boodskap het van hom 'n ongewilde man gemaak: Sy boodskap was die van straf en oordeel en vernietiging. Hy word ook baie maal die "weeping prophet" genoem omdat hy ook die boek "Die Klaagliedere van Jeremia" geskryf het. Jeremia se optrede het die tydperke van Juda se laaste vyf konings gedek, naamlik Josia, Joahas, Jojakim, Jojagin en Sedekia. Die volk het op totale vernietiging afgestuur en Jerusalem is in 586 v.C. deur die Babiloniërs ingeneem. Sefanja, Habakuk en Esegïel was van Jeremia se tydgenote.

Wat ons skrifgedeelte van vandag betref sit Jeremia in die tronk. Hy het gepreek en letterlik alles gedoen wat reg is en tog ly hy verskriklik. Hy het God gehoorsaam tot op die laaste letter en ten spyte daarvan besluit die koning

Sedekia om hom in die tronk te gooi (vgl. Jeremia 33:1).

Maar hierdie storie eindig nie hier nie. Terwyl die chaos en donkerte om Jerusalem woed gee God binne-in Jerusalem, in 'n tronk aan sy profeet 'n boodskap van hoop. Ten spyte daarvan dat Jeremia omtrent die heelyd die volk aanspreek oor hulle sonde en hulle herinner dat hulle sonde gestraf gaan word kom gee hy tog ook vir hulle hoop. Ons teks val binne-in 'n onderafdeling van die boek wat die "Troosboek" genoem word wat hoofstuk 30-33 is. Kom ons lees wat se hoop en troos kom gee Jeremia vir Juda.

Lees saam Jeremia 33:14-18

Jeremia 33 wil ons help om Christelike geloof en hoop beter te verstaan. Ons sien by Jeremia, hoop begin nie by sy prentjie, sy eie behoeftes en begeertes nie. Jeremia sê vir sy mense – op die donkerste momente in julle lewens fokus op God.

Christelike hoop is nie iets waarvoor ons hoop nie, maar lemand in wie ons hoop.

Hoop het nooit 'n boek geskryf nie, maar daar is miljoene boeke oor hoop geskryf.

Jeremia kom sê vir die volk julle dink dit is groot dinge wat julle moet verander maar soms is die verandering so klein soos om een lettertjie te verander. Dink gou aan die klein verandering tussen die 2 woorde: "Disappointment" en "His Appointment". Wat het verander?

Net een letter. Die D het 'n H geword. Ons "disappointment" kan God se "His appointment" word.

Vreemd dat mens 'n diamant nooit teen 'n wit agtergrond hou sodat jy die diamant se ware kleure en karakter kan sien nie, maar dit word altyd teen 'n swart agtergrond gehou? Soms is dit in die moeilikste en donkerste tye wat ons ware karakter na vore tree en geloof deurskyn.



Jeremia se bediening hoor en sien 'n alternatiewe werklikheid wat kan waar word. Hy kom sê – hierdie brug tussen wat nou is en wat nog kan en moet gebeur kan oorbrug word deur die aktiewe deelname van die christen.

Ongelowiges sal ons baie keer aankla en sê ons is soos blinde mense in 'n donkerkamer wat 'n swart kat soek wat nie daar is nie. Maar ek dink hulle mis iets.

My dogter was by 'n "silent disko" gewees. Jy kry 'n paar oorfone en dan hang dit alles af – party disko's het net een DJ en party het tot 3 en jy kan dan kies by watter een jy inskakel. Dit werk so – as jy 'n toeskouer is by so 'n disko lyk dit absoluut belaglik en uiters

komies. Hier is 'n klomp mense wat rond hop en spring maar daar is nie 'n enkele geluid nie. Vandag kry ons selfs ook iets soos “mobile clubbing”. Jy vat jou eie selfoon en oorfone en dan dans jy op jou eie musiek.

Ons as christene lyk partykeer vir die wêreld belaglik en uiters komies want ons hoor 'n ander ritme. Ons luister na die stem van God. Soms mis ons sy stem want daar is so baie “noise pollution”, daar is so baie klank steurnisse dat ons Hom nie hoor nie.

I've only just a minute,
Only sixty seconds in it.
Forced upon me, can't refuse it,
Didn't seek it, didn't choose it,
But it's up to me to use it.
I must suffer if I lose it,
Give an account if I abuse it,
Just a tiny little minute,
But eternity is in it.
Benjamin Mays

Jeremia leer ons dat hoop aktief is. Ons kan medewerkers word om hoop waar en sigbaar te maak.

Ons weet mos nou dat die groot gevaar tydens Kersfees is dat dit baie maklik net 'n soet droom kan wees waar ons met kinderlike ogies en naïewe geloof weg raak in die sneeu en saam met Rudolf die rooi neus trekdier en Vader Kersfees en engeltjies en skapies kan drome droom.

Ek dink Jeremia wil sê – maak oop julle oë en droom nou. Kom ek wys vir julle wat is moontlik. Kom ek stel julle voor

aan die God wat juis dit kan doen en dit ook deur julle doen. Die Christelike geloof wil juis kom sê daar is altyd hoop, daar is iets soos geloof al sien jy dit nie altyd nie. Daar is iets soos vreugde al lyk die wêreld om ons sleg. Geloof vir die Israeliete vir wie Jeremia skryf was iets waar aan hulle geglo het terwyl hulle in ballingskap was – weg van hulle huise en mense en slawe glo hulle in die God wat alles kan verander. Hulle dans op die ritme van God se bladmusiek – sy woord aan en vir hulle.

Jeremia 33 kom skree dit uit – Kersfees is die fees wat dit uitskree asb in Hemels naam droom net met julle oë oop. Ons dans op die ritme van sy musiek.

Kom ons maak hier 'n verskil. Sit op jou nuwe oorfone – skakel in op die frekwensie van Hoop. Ons gaan dalk belaglik lyk en ons gaan dalk humoristies lyk – maar ons dans die dans van Hoop.

Vir Kleingroepe:

Ontmoet mekaar

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die week.

Ontmoet God

Laat een persoon 'n kers aansteek en probeer fokus hoekom julle as groep bymekaar is. Laat iemand 'n gebed doen.

Deel met mekaar

Laat iemand die teks lees uit Jeremia 33:14-18

- Gee geleentheid dat elkeen deel wat hulle in die gedeelte hoor en wat vir hulle uitstaan?
- Vertel van 'n geleentheid waarna jy baie uitgesien het?
- Hoekom dink jy bring Jesus vir ons hoop waarna ons kan uitsien?
- Watter ander beloftes of verwagtinge het God ook in die Bybel gemaak waarna mense uitgesien het?

Bid saam

Draai 2/2 na mekaar en bid in kleiner groepies vir mekaar se persoonlike behoeftes en vra ook vir die Here om jou sensitief te maak om te sien waar jy dalk vir iemand kan help om nie hoop te verloor nie.